Jannie du Toit

Lirieke van my opnames. Meer te kry op my webblad
www.janniedutoit.com

ONS SOEK 'N TATA

Musiek: Jannie du Toit
Teks: Jannie du Toit

Hierdie jaar is ver die droogste
Elke liewe druppel tel nou
Maar die dorsgeit in ons harte
Baie erger - ons kry almal dors
Vir druppeltjies liefde
Druppeltjies liefde
Druppeltjies liefde hier by ons

Ons soek na ‘n pa, iemand soos Madiba,
‘n Tata met ‘n pa se hart, ek verlang na Madiba
Wat voel soos ‘n pêl – soos ek ‘n lojale rebel is
Sinqwenl’ uTata,
Ofana noMadiba
neNhliziyo kaBawo,
Een wat met ‘n glimlag lewe, wat veg vir sy reg
maar van vergewe weet

Beleggings word vinnig minder
Almal kies die hasepad
Kom ons kry ‘n maatskappy
Wat rande sal belê in ‘n glimlag
Aandele koop
In mense wat oorloop
Van vriendelikheid wat wys dat hulle hoop

Leef met ‘n glimlag,
ry met jou duim altyd hoog in die lug
Sê siyabonga of ahé
Dis wat ons almal graag wil hê
Vat tog die ou se pamfletjie
Wys vir hom jy weet hy’s daar
Gee tog maar ‘n vyftig sentjie
Al maak dit jou dalk ‘n bietjie klaar

Kos en dop is baie duur
Ons draai die sente om en om
En ons word by die dag armer
Maar wat ons eintlik almal kortkom
Is sente van omgee
Sente van omgee
Sente van omgee vir mekaar

Re hloka Ntate,
Ya tshwanang le Madiba
Le pelo yaboNtate,
Ons soek na ‘n pa,
Iemand soos Madiba,
‘n Tata met ‘n pa se hart